

sig

nuusbriëf

Paasfees 2010



Durbanville
Gemeente

saam in diens van God se nuwe wêreld

Passé oor Pase?

Rhoda van Schalkwyk

Die tieners dreun deur die huis, neem kortpad deur die hoofslaapkamer na die tuin en roep soos rooihuide wanneer hulle buit vind. My maratonvose man kyk met verstomde geduld na my en sê:

“Hierdie huis is al verby die 'Easter egg hunt'-stadium, het ek gedink.”

“O, jammer ek het dit nie besef nie.”

“Jammer?”

“Hierdie jaar se paaseiers is in Switserland vervaardig.”

“Dan sal ek dit moet gaan ...,” sug hy en strompel die tuin in terwyl die uitgegroeide pajamalywe behaaglik onder die geelhoutboom en op die trampoliën lê en sorgvuldig die goue foelie van die hase oopvou met die toewyding van verslaafdes.

“Waar's my bril, waar het jy daai ellendige haas ... weet julle hoe styf is my spiëre ..?”

Ons is nie van die reisigers wat met Louis Watsynam tasse een laaste naweek voor die winter êrens moet gaan rus nie, nee, ons doen dit sommer tuis. Ons wêet daar is 'n spesiale Paasfeesmark in Praag met borduurwerk, kristal, handpoppe en skilderagtige eiers wat ons van gekostumeerde feesgangers sou kon koop, en ja, ons het gehoor van die Royal Easter Cake Show in Sydney, maar wou nie gaan nie, want in ons eie huis is Paasfees in elke geval soos iets tussen 'n kunsmark en 'n bakkerie. Dit was nog altyd so, maar nou word die kinders groter en groter ...

Ons dra almal in ons die sag van die hasie-oor-hoed en die amper-oggo van te véél paaseiers. In ons huis het ons al elke gepubliseerde stukkie inligting oor die viering van Paasfees

beproef, geproe en opgehang. Al daai datumstempels in die biblioteek se boeke rondom die onderwerp, is omdat ons gesin jaar na jaar die projekte en partytjies van Paasfees net gou weer wou naslaan. Net om seker te maak dat ek nie een klein feesmanier oorgeslaan het nie, het ek ook in die kuberruimte gaan soek. Die magdom inligting beskikbaar is eintlik 'n ont-google-ing vir iemand soos ekke wat herhaaldelik sê dat boeke nooit oorbodig sal raak nie. My rekenaar trek los en spoeg besonderhede uit oor alles, selfs die datum van Paasfees, want hy weet mos nie of ek katoliek of ortodoks is nie. En as niks my sou interesseer nie, dan stel die rekenaar voor dat ek gaan skubaduik in Madagaskar, net nadat ek my bankbesonderhede verskaf het omdat ek die gelukkige leser is wat die geheime geluktrekking gewen het. So waar dat die somer aan die keiser behoort, maar aan wie behoort Paasfees?

Hier in Durbanville se voorstad sal ons reeds in Februarie ly aan die prysgeebeloftes van Aswoensdag. Ons sal – oeps amper vergeet – dis Palmsondag en haastig takke vir die voordeur pluk, terwyl ons hoop dat ons geloof meer blywend is as dié van daardie mantelgooiende skare van Jerusalem. Onverhoeds sal dit roesig herfs word. Met die verwagting van die eerste winterreëntjie en 'n agterbakse kilheid in die lug, sal dit Paasfees wees. Soos vryburgers wat slawerny onthou, sal ons met gewaste hande en voete van vars brood en heerlike, gekruide lamskenkels 'n aandete maak. Ons sal praat oor Christus wat onverstaanbaar sy dissipels groet. Op die “goeie”, droewige Vrydag sal ons deel hê aan die sakrament van

brood en wyn en dan sonder 'n amen sal ons huistoe stap. Dis ongemaklik om te bedink (daar's mense wat sê mens moet in elk geval nooit te veel wil dink nie) en vir een keer in die jaar sal daar 'n swart doek oor die tafel wees. A-tipes van ons huis en styl, is die ete vis en poedingloos.

Ons doen dit bewustelik – niemand sê julle moet dit so doen nie. Ons doen dit, want dit help ons om aan die misterie van ons geloof gestalte te gee. Maar hoekom die afgemete stilte, die terughouding as mens tog wel dink en dan ook snap dat genade uit die donkerte gebore word en ha! Dis wit, dis goud, dis vriende en dis “jie-haa”- tyd. *Christos anesti!* *Alithos anesti!* Christus het opgestaan! Ja, Hy het waarlik opgestaan!

Paasfees behoort aan God!



Christus het opgestaan!

Ds Gys van Schoor

Ons glo in Jesus Christus wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode. Ons is mense wat die kruis ernstig neem. En dit is reg so. Miskien moet ons selfs die kruis ernstiger neem en saam met Paulus sê: "Ek het saam met Christus gesterwe ..." Maar ons moet die opstanding nog ernstiger neem. Die kruis kry sy eintlike betekenis in die opstanding. Dat Jesus opgestaan het, het geweldige implikasies vir ons lewe. Kom ek noem 'n paar:

1. Die opstanding is die eintlike vervulling van alles wat Jesus gesê en gedoen het. Jesus is die langverwagte Messias van die Jode. Hy bring God se koninkryk juis as Messias van die Jode na die hele aarde. Die koninkryk van God wat naby was, is nou hier.
2. Die werklikheid het daardie Paasmôre verander. Op daardie Paasmôre is God se nuwe wêreld gebore. Geloof beteken om vandag saam met Jesus in die koninkryk te leef. Dit beteken om onder sy gesag, sy Heerskappy elke dag te lewe. Dit is waartoe ons verlos is. Ons is nie meer kaptein van ons lewe nie. Ons het in elk geval nie 'n benul wat lewe is nie, ook weet ons nie hoe om te lewe nie. Daarom is dit 'n bevryding dat ons verlos is om onder die koningsheerskappy van Jesus ons aardse lewe te leef.

Flash Forward

Ds Tinus van Zyl

In die nuwe TV-reeks, *Flash Forward*, verloor die wêreld se ganse bevolking hul bewussyn vir 2 minute en 17 sekondes, waartydens elke lieue mens 'n visioen van 'n dag ses maande in die toekoms, naamlik 29 April 2010, beleef.

Vir sommige mense is die visioen totaal irrelevant, want in die toekomsblik is hulle besig met alledaagse onbenullighede. Vir party is dit 'n bron van nuwe hoop, aangesien hulle kon sien dat hulle nog steeds lewe (ten spyte van hul terminale siekte) of dat hulle 'n nuwe werk gekry het. Vir ander mense is die visioen 'n bedreiging, want in hulle visioen val hulle terug in 'n ou verslawing, of begaan hulle 'n fatale fout. En dan is daar ook diegene vir wie die visioen 'n misterie is, aangesien hulle niks gesien het nie, en dus wonder hulle: "Slaap ek miskien? Of het ek reeds gesterf?" Hoe dit ookal sy, meeste mense se gedrag word dramaties deur hierdie visioen beïnvloed, al wissel dit van hoopvolle verwagting, tot bedreigende vrees, tot onsekere antisipasie. Een karakter som dit mooi op wanneer hy sê: "We don't live according to the past anymore, but according to the future."



Jesus se opstanding uit die dood het die finale toekoms, die uiteinde van die wêreld, die eerste dag van God se nuwe aarde, in die hede ingebring. Soos met die mense in *Flash Forward*, gee hierdie transformerende

Uit die Woord

3. Dit beteken prakties dat ons elke dag vanuit die verhouding met die opgestane Gekruisigde kan lewe. En om saam met hierdie Jesus te leer lewe behels die radikale transformasie van ons lewe. Dit beteken dat hierdie Jesus ons al hoe meer heelmaak.

4. Ons beoefen nie 'n "historiese" geloof waarin ons leef vanuit die gebeure van 2000 jaar gelede nie. Nee, ons leef vanuit die werklikheid van 'n opgestane Gekruisigde. Ons glo nie in 'n historiese gebeure (soos Jan van Riebeeck) nie. Ons glo in Jesus Christus, die Here, die Koning van die kosmos – wat nou hier is.

5. Gelowiges is opstandingsmense. Ons is mense wat leer om saam met die opgestane Here te lewe. Hy leer ons om saam met Hom te droom oor 'n nuwe wêreld. Meer nog, Hy leer ons bid: Laat u koninkryk, u nuwe wêreld kom. Meer nog. Saam met Hom leer ons om tekens van sy nuwe wêreld op te rig; leer ons om ander lief te hê; leer ons om op te staan vir reg en geregtigheid.

Uit die Wêreld

gebeurtenis nie vir ons al die antwoorde oor die toekoms nie, maar 'n radikale toekomsblik wat ons perspektief op die hede heeltemal verander. En ons reageer verskillend op hierdie toekomsblik.

Vir party is dit 'n bron van hoop, terwyl dit vir ander 'n bedreiging inhou. Vir sommige is dit 'n ondenkbare misterie, terwyl ander doodgewoon aangaan met hul alledaagse lewe en hulle nie daaraan steur nie.

Jesus se opstanding bring die hele wêreld se bevolking voor 'n radikale keuse, naamlik die keuse om te leef aan die hand van die wêreld soos wat dit nog altyd was, óf om te begin leef aan die hand van die wêreld soos wat dit kán wees, soos wat dit eendag gáán wees wanneer God alles nuut gaan maak. Elke Sondag wanneer ons die opstanding van Jesus vier, word ons radikaal uitgedaag: staan ons lewens in diens van die ou wêreld, of staan ons lewens in diens van God se nuwe aarde?

Redaksie

Redakteur: Ds Tinus van Zyl

Redaksielede: Jackie Pretorius & Cindy vd Merwe

As jy op enige wyse betrokke wil raak by die SIG, of die gemeente se kommunikasie in die algemeen, skakel asb vir ds Tinus van Zyl by 083 289 4985.


Jesus maak ons heel

Adel Jordaan

As verloofde paartjie wat September 2010 trou, voel ek en my verloofde dat hierdie 40 dae nie op 'n beter tyd kon gekom het nie. Afgesien van die wonderlike en doelgerigte gids en DVD wat die proses lei, tesame met die erediens wat alles in perspektief stel, voel ons dat die blootstelling aan ander se reis en verhoudings mens help om dieper te grou in die skatkis van ons harte en gedagtes. Dit voel of ons beide 'n nuwe mens leer ken in mekaar en ek het my verhouding met Jesus nog nooit so voel groei nie.

Wynand Theron

Alhoewel ietwat senuweeagtig by ons eerste byeenkoms, het die praktiese riglyne in die handboekie en die kyk na die DVD baie gehelp om die ys te breek. Elke groeplid deel nou vrylik en eerlik sy/haar persoonlike ervarings en ons almal put waarde daaruit. Ons volg ook die gebruik om by elke byeenkoms 'n bietjie terug te kyk na dit wat ons tydens die vorige byeenkoms geleer het en hoe ons gedurende die week "gevaar" het met die uitlewing daarvan.



40 dae

Ons vind veral die gebruik dat elke groeplid 'n vertel-beurt kry en dat slegs hy/sy dan mag praat, baie waardevol. Alhoewel dit eenrigting-kommunikasie is, *luister* die res van die groep aandagtig en *hoor* nie net wat gesê word nie. Hierdie dinamiek ontbreek baie keer in vrye gesprekvoering. En die aansteek van die kers is kosbaar: dit is *daardie* groeplid se liggie wat brand en dit is dan sy/haar voorreg om alleen te praat.

Freek Serfontein

As groep ervaar ons die boekie baie positief. In die kerk hoor ons dikwels van 'n persoonlike verhouding met Jesus. Met die stof wat ons nou behandel, kry ons individueel die geleentheid om te oefen om daardie verhouding meer eg en innig te beleef. Die getuigenis van groeplede is dat daar areas in hulle lewe is waarvoor hulle nog nie in die verlede goed nagedink het nie. Om in die groep van die belewenisse met mekaar te deel, bring ons nader aan mekaar en is vir ons almal tot seën.

God sorg vir ons

Johan Benadé

Na aanleiding van die navorsing (vraelyste en onderhoude) en werkwinkels, asook gesprekke wat gevoer is, het die Versorgingstaakspan 'n model vir versorging saamgestel vir goedkeuring deur die kerkraad.

Definisie van versorging:

Aan die hand van Kolossense 3:12-17 verstaan ons versorging soos volg:

1. God het ons lief en versorg ons. God doen dit deur ons in te nooi in 'n egte verhouding met Hom en met mekaar.
2. Ons moet God se liefde en versorging in die daaglikse lewe raaksien en met dankbaarheid ontvang, bv. vriende wat vir my omgee, vreemdelinge wat my pad kruis.
3. Wanneer dít gebeur, kan ons ander raaksien, liefhê en versorg.
4. Versorging behels om vir mekaar te bid, mekaar te vergewe, geduldig te wees met mekaar, mekaar lief te hê, in vrede te lewe en mekaar te leer en te onderrig.
5. Die lede van die liggaam van Christus dra gelyke sorg vir mekaar. So bou die liggaam homself op in liefde en word ons in staat gestel om die wêreld lief te hê.

Doel:

Durbanville Gemeente is 'n gemeente waar versorging hoofsaaklik plaasvind vanuit die voorgestelde kleingroepstruktuur.

Versorging

Kleingroep:


'n Kleingroep word omskryf as 'n aantal persone wat gereeld (weekliks / maandeliks) byeenkom onder leiding van 'n kleingroepleier. Kleingroepe is die primêre meganisme van versorging en geestelike groei met die oog op deurlopende geestelike vorming en Bybelse gemeenskapslewe.

Daar is **verskillende tipes groepe** in die gemeente nl. selgroepe, omgeegroepe, tradisionele wyke (wat steeds verkies om so te vergader), Bybelstudiegroepe, senior groepe (groepe vir ouer lidmate wat aktiwiteite reël en volhoubare bedieningsaksies vir ouer gemeentelede skep), jeugbyeenkomste en jongvolwasse groepe.

Uitkoms:

Vanuit die kleingroepbediening vind die primêre pastorale versorging van kleingroeplede plaas, sowel as geestelike vorming en die aankweek van Bybelse lewenswaardes. Die uitkoms van ons kleingroepbediening het ten doel om gemeentelede toe te rus om saam as dissipels in diens van God se nuwe wêreld te leef en te werk.

Die verdere uitkomst van die kleingroepbediening is gereelde jaarlikse uitbreiding in die aantal kleingroepe, gemeentekommunikasie wat deur kleingroepstrukture funksioneer en die versorging van kleingroepleiers deur toerustingseleenthede.



geS!Ggies




Omkring die 10 versteekte woorde


1. vader
2. Koning
3. Verlos
4. Here
5. Troon
6. God
7. Herder
8. Almagtig
9. volke
10. Droom

V	E	Z	L	K	O	B	V	D	V
A	H	E	R	D	E	R	O	W	E
D	G	Z	E	G	D	X	L	S	R
E	H	T	R	O	O	N	K	G	L
R	Y	F	Z	H	E	R	E	V	O
X	I	G	C	Q	F	V	N	X	S
A	K	D	R	O	O	M	C	Q	D
F	P	R	A	I	X	Y	G	O	D
A	L	M	A	G	T	I	G	B	J
K	O	N	I	N	G	K	L	E	Y

Volg die paadjie na sy maatjie




Watter prentjie lyk anders



Paasfees

Paasfees is 'n baie spesiale tyd vir ons wat kinders van God is! Nie net dink ons aan Jesus wat vir ons aan die kruis gesterf het nie, **MAAR** ons vier ook dat Jesus **OPGESTAAN** het uit die dood! Watter goeie nuus is dit nie vir ons nie? Onthou om elke keer as jy 'n paaseier eet daaraan te dink dat Jesus lewe en dat Hy elke dag saam met **ONS** wil lewe, omdat Hy lief is vir ons.

Verbind die kolletjies van die paasfeeshasië - tel in 2's!!!



Kom kuier en leer meer van Jesus saam al jou maatjies elke Dinsdag om 16:00 vir Voorskool - Gr.3 en 17:00 vir Gr. 4 - 6 gedurende skoolkwartale.



Liewe Jesus, vra ek nou met my handjies saamgevou, gaan asb. met my hierdie jaar wat so groot voor my lê, pas my op en hou u hand oor my. Dankie Liewe Jesus, vir u liefde! Amen



2010 skop af!

Ds Tinus van Zyl

Jeug: Tieners

Die nuwe formaat van ons Tienersbediening op Sondagaande het met groot sukses afgeskop. Ons kom nou van 18:00 tot 20:00 in

net 'n rustige potjie snoeker speel, of op die lieflike groot grasperk lê en geselsies maak.

Maar bo en behalwe al die lekker ontspanning, was dit ook 'n reuse voorreg om onder Chapmans Piek, met die asemrowende natuurskoon rondom ons, die Here te loof en te prys, stil te word rondom sy Woord en persoonlike hartsake met mekaar te deel. Die tieners kon anonieme poskaarte in 'n posbus gooi, met 'n geheim daarop geskryf, sodat ons jeugkomitee vir hulle kan bid. Vanuit hierdie baie vertroulike gebedsversoeke, het dit vir ons duidelik geword dat Jesus se heelmaking uiters noodsaaklik is onder jongmense. Die hartseer onder ons eie gemeente se jongmense, wat elke dag ons pad kruis en wat van buite af so gelukkig en sorgeloos voorkom, is hartverskeurend. Daardie

poskaarte het ons as jeugkomitee diep geraak en hou ons op ons knieë.

die jeuglokaal bymekaar, met 'n volgelaide program van "Praise & Worship", stimulerende "video clips" wat dinamiese gesprekke ontloot, relevante bybelstudies, besprekings en prediking, asook genoeg tyd om lekker saam te sosialiseer en verhoudings te bou. In die eerste kwartaal het ons gefokus op die tema van 40 dae: "Jesus maak ons heel," en in die tweede kwartaal gaan ons begin met die materiaal van Bybel-Media: "Facebook-vriende met God."

Die "Summer Camp" te Noordhoek was 'n fees van 'n kamp waartydens ons in die see kon swem, krieket en "touchies" kon speel, waatlemoen- en waterballongevegte kon hou en heerlik in die swembad kon baljaar. Die kalmer siele onder ons kon sommer



Op Valentynsdag het 'n klomp tieners op 'n bus geklim en gery na Melkbosstrand, waar ons ons Sondagaand se aanbidding op 'n ander wyse as gewoonlik gedoen het. Met komberse en piekniekmandjies het ons saamgekuier en gekyk hoe die son sak oor die see. Ons het gesels oor sake

van die hart, nie die gewone romantiese liefdesake nie, maar oor Jesus wat weet wat in ons harte aangaan en met Wie ons kan praat in gebed oor ál die emosies wat in ons harte leef.



Verder in die jaar sien ons uit na ons kwartaallike "midweek" geleenthede en diensprojekte, en veral dan ook na die Riemvasmaak Uitreik in die eerste week van die Junievakansie.

Moenie dat jou kind dit misloop nie!

Anna's Teetuin

WAAR: H/v Hugostraat en Turnersingel
(agter die D'ville Voorbereidingskool)

OOP: Gedurende skoolkwartale
Dinsdae tot Vrydae 11h-16h
Maandae- vooraf besprekings vir groepe

ONS BIED: Heerlike koffie, cappuccino, tee,
koeldranke, smoothies, milkshakes,

Vars gebak: koekie, muffins, scones asook
ligte middagetes

Kom maak 'n draaf!!

Skakel

Lalie van der Merwe by

083 285 7275 / 021 9764490



Brief van Petrus en Lisle se ouers

Koos en Marietjie

Ons besoek van bykans sewe weke by Petrus en Lisle was 'n ongelooflike ervaring. Kultureel en sosiaal is die Midde-Ooste totaal verskillend van dit waaraan ons gewoon is. Van skoene uittrek as jy by mense gaan kuier tot op die grond sit en eet, het 'n rukkie geneem om te verwerk. Gasvryheid is egter iets wat jou dadelik tref. Die mense is baie vriendelik en wat opvallend is, is die respek wat hulle aan ouers en ouer persone betoon. Die oorgrote meerderheid van die bevolking is baie arm, maar jy sien bittermin bedelaars op straat, elkeen is besig om te werk.

Dit was vir ons as grootouers 'n blye oomblik om weer ons kinders en kleinkinders te sien. Esmarie en Josia het grootgeword, is baie liefdevol en dien ook die Here opreg, so klein soos hulle is. Ons het heerlik gekuier, is op die hande gedra en bekendgestel aan alle bure en vriende. Almal wou ons ontmoet. Ek het saam met Petrus sy leierskapklasse gaan bywoon en ook sommer net rondgehoop in die stad. Lisle en Marietjie het in hul lang swart gewade met serpe om die kop by bure gaan kuier en by die stalletjies op straat rondgesnuffel. Marietjie het op 9 Desember vir die eerste keer sneeu ervaar toe dit so 75mm gesneeu het. Dit was 'n sprokiesagtige ervaring en ons het lekker in die sneeu gespeel.

Petrus en Lisle dien die Here met volle oorgawe en dra sy Woord onder baie moeilike omstandighede uit. Vrydae is hul Sondag en ons het eredienste bygewoon saam met ander groepe en nasionaliteite, agter geslote deure en om veiligheidsredes elke keer op 'n ander plek.

Esmarie en Josia soek maatjies

Gebedsversoek van Petrus en Lisle

Esmarie en Josia se beste maatjies se ouers het besluit om oor 4 maande weg te trek, as gevolg van 'n mediese probleem by een van hulle kinders. Die kinders weet dit nog nie. Die enigste ander familie/vriende wat ons hier het, wat ook kinders het, gaan ongeveer daardie selfde tyd vir 'n jaar op tuisverlof. Dit is ook nie duidelik of hulle sal terugkom na ons stad nie.

Die implikasie is dat ons kinders nie ander Westerse maatjies gaan hê vir die volgende jaar of meer nie. Dit is 'n situasie wat dit baie moeilik sal maak om langtermyn hier aan te hou werk. Alhoewel ons kinders plaaslike maatjies het, is die taal- en

kultuurgrense so groot dat dit nie regtig vir hulle 'maatjies' is nie. As gevolg van die swak sekuriteitsituasie kan ons dit ook nie waag om ons kinders in 'n plaaslike kleuterskool te sit nie.

Bid asseblief dat ons Vader nog families sal lei om in ons stad te kom woon

en werk. As ouers beseft ons dat ons geroep is tot 'n lewe van opoffering en ons gee gereeld opnuut ons lewens oor aan Hom. Terselfdertyd weet ons dat Hy ons ook 'n taak gee as ouers om na die beste van ons vermoë om te sien na ons kinders. Vra asseblief vir wysheid vir ons as ouers om duidelik te weet hoe om te reageer op hierdie uitdaging.

Getuienis

Ons as ouers kan ons vir Petrus en Lisle net aan die Here opdra, en vra vir gebede van ons gemeente. Die Here het ons daarheen gestuur om te gaan kyk wat ons kinders doen en die Here het ons gewys dat sy kinders veilig is. Prys die Here daarvoor!



D'Secure

Security with a difference

D'Secure Services

- * Alarm monitoring and response
- * Bicycle patrols during the day
- * 24 Hour emergency telephone facility
- * Removing of unwanted elements in street
- * Escorting residents into house on request
- * Irregular patrols by response vehicles
- * Securing the property when vacated / holiday
- * Preventing bin diggers or removing them
- * Security Surveys
- * Risk Assessment
- * Remote and second-tier electronic monitoring

Additional services would be:

- * Special services
- * Guarding
- * Bodyguards
- * Technical installations & service
- * CCTV
- * Gate Automation

Tel: 021 975 4880 Fax: 021 975 1429
info@dsecure.co.za www.dsecure.co.za
Managing Director: Marius van Wyk

Pinkster 2010:

Gemeenskap van Genesing

Pinkster gaan vanjaar aansluit by ons tema van 40 dae: "Jesus maak ons heel," maar vanuit 'n effens ander hoek. Tydens Pinkster vier ons die uitstorting van die Heilige Gees en die geboorte van die kerk. Dit is dus gepas dat ons tydens Pinkster nadink oor die feit dat Jesus ons heelmaak, met ander woorde dat Jesus deur sy Gees die gemeenskap van gelowiges gebruik om sy heelmakende werk hier op aarde voort te sit.

Die kerk is nie meer 'n gewilde konsep in vandag se tyd nie. Daar is al hoe meer mense wat voel dat hulle nie die kerk nodig het om in 'n verhouding met God te staan nie. Om die waarheid te sê, die kerk staan eintlik net in die pad van mense se persoonlike verhouding met God. Maar dis nie hoe die Bybel oor die kerk praat nie. In die Bybel is dit duidelik dat die kerk, met al sy sonde en gebreke en tekortkominge, die ruimte is waarbinne Jesus mense heelmaak. Die kerk is 'n gemeenskap van genesing, nie van nature nie, maar omdat die Geneser kies om deur middel van hierdie gebroke gemeenskap mense te

genees en die aarde heel te maak.

Ons gaan poog om tydens Pinkster nie net oor gemeenskap te preek nie, maar om ook iets daarvan te beliggaam. Daarom gaan die dienste so ingerig word dat dit verwelkomend is vir tieners, studente, werkende jongmense, middeljariges en senior burgers. Daar sal ook 'n Kinderpinkster aangebied word vir die kleiner kinders. Ds Tinus van Zyl sal die prediking behartig en ds Johann Schutte die musiekbegeleiding. Soos gebruikelik sal daar sop wees na afloop van die eredienste en ook ons Feesete aan die einde van die week, sodat ons as geloofsgemeenskap saam kan kuier.

Son 16 Mei — Don 20 Mei:

19:00 Pinkster en Kinderpinkster

Vrydag 21 Mei:

18:30 Feesete

Sondag 23 Mei:

19:00 Pinkster — afsluiting met Nagmaal

PROGRAM

Die Eiendomskommissie

Freek Serfontein

Vir jare al loop ek met die gedagte om tog iets oor die werk van die Eiendomskommissie te skryf. Die werk van die kommissie is tydrowend en veeleisend en iets wat nie altyd na waarde geskat word nie. Dis nie die soort werk wat maklik die kalklig steel nie. Die kommissielede werk maar so in die stilte en agter die skerms. In hulle vergaderinge word daar met toewyding en sorg oor die eiendomme van die kerk gewaak. Of dit die kerkgebou, die gemeentesentrum of een van die pastorieë is, vir hulle is dit die Here s'n. Daarom bid hulle en beplan hulle met sorg om die betrokke eiendom ten beste op te pas.

Ons was deur die jare gelukkig om handige mense op die kommissie te kon hê. Soms het van hulle self ingespring om die kommissie se begroting te kan rek. So onthou ek goed hoe dat ek een Saterdag vir Manie Boucher kerk toe moes laat kom. Daar is by die konsistorie ingebreek en die deur se slot is beskadig. Manie het die deur vir ons beveilig totdat 'n nuwe slot na die naweek ingesit kon word.

Daar was ook die keer toe die kerkbanke afgeskuur en opnuut met olie behandel moes word. Die kwotasies van buite was hemelhoog. Albert Burger en Frikkie Cloete het tot ons redding gekom. Vandag nog het ek die gewoonte om soms oor die kerkbanke te streel en te onthou dat dit hulle was wat die droë kerkbanke so mooi reg "gedokter" het.

Twee voorsitters wat altwee jare lank baie ure, dae en weke se werk ingesit het, is Ben Korf en Frikkie Cloete. Ek

wonder hoeveel oproepe hulle gemaak het om kwotasies in te win, hoeveel tyd hulle opgeoffer het om 'n begroting op te stel, prioriteite te bepaal, kundiges in te roep vir raadpleging, jaarliks die versekering van die kerk na te gaan, inventarisse op te stel en nog 'n menigte van ander pligte na te kom.

By die Eiendomskommissie het ek geleer dat goeie voorbereiding en harde werk soms tevergeefs kan wees. Al is die saak waarvoor gepleit word, hoe dringend en verdienstelik, kan dit nie afgehandel word as daar nie fondse beskikbaar is nie. Dikwels moet 'n groot projek, soos die kerk wat geverf moet word, uitgestel word.

Miskien is dit nie onvanpas nie om naas al die werk van die kerk waarvoor ons bid, ook te onthou om vir die Eiendomskommissie te bid. Hulle vervul net so 'n lewensbelangrike funksie in die voortbestaan van die Here se gemeente.

Adverteer in SIG

Die kostes vir advertensies is as volg:

Vol blad	R1500	Halwe blad	R750
Kwart blad	R375	1/8 blad	R188

Kontak die kerkkantoor by 021 975 6370.

(Die redaksie behou hom die reg voor om advertensies, wat nie pas by die aard van die SIG nie, te weier.)

Opkomend

Dankbaar



Caro Thirion: Ons mooiste toevoeging

Christi Thirion

27 November 2009

'n Datum wat vir ewig van groot betekenis in my lewe sal wees. My en Melanie se eersteling is op daardie dag in die Panorama Medi-Clinic gebore. Sy het 'n gesonde 3,4 kg geweeg, maar was 'n fyne 48 cm lank.

Voor haar geboorte was sy al 'n bron van vreugde: van die tieners se naam-gee-sessies tot vreemde tannies op straat wat nêr met die ongebore baba praat. Elke sonar het die opwinding laat groei – die groei en vordering was verbysterend.

Die eerste stukkie van hierdie nuwe mensie wat ons kon sien, was die handjie en die aankondiging van die nuus dat dit 'n dogtertjie is – die geslag was 'n verrassing – het 'n laaste naamgee-vergadering, op die teaterbed, tot gevolg gehad. Sy is net daar vernoem na Ouma Rina (Catharina).

Caro se naam het 'n paar ryk betekenis. Die mees algemene is mooiste en soetste uit die Italiaanse afkoms van haar naam en elkeen wat al met haar kennis gemaak het, kan hiervan getuig. Selfs haar slaappatrone gee gehoor aan hierdie betekenis, hoewel sy nog nie heeltemal deurslaap nie. Caro is verwant aan Cara. Die Hebreeuse woord Cara kan een van die volgende beteken: om fees te vier, om uit te roep of uit te

nooi, of om iemand te ontmoet of te beleef. Die Griekse Chara beteken vreugde, kalm, geluk of uitbundigheid.

Die afgelope drie maande het ons reeds verskeie aspekte van haar ryk naam se betekenis ervaar. Sy was die rede dat my en Melanie se gesinne saam oor Kersfees heerlijk kon feesvier en die wonderlike geskenk van Jesus Christus se geboorte tasbaar kon ervaar. Sedert sy meer en meer interaksie met mense wys, raak sy mense met haar kalm geluk en uitbundige laggies aan. Haar teenwoordigheid gee ons onbeskryflike vreugde, maar meer as dit glo en bid ons dat wie sy is, vir ander mense die uitnodiging na 'n lewe saam met die mooiste en soetste plek van feestelike viering en vreugde, ons Here Jesus Christus, sal wees.



Kerkkoor: Om saam te sing!

Santa Serfontein

Musiek en sang was vir my van kleins af belangrik. As kinders het ons in die skool sangklasse gehad. In die kerk het ons voor en tydens eredienste gesing. In die destydse Sondagskool en Kinderkrans het ons kerkliedere geleer. As jongmens het ek deel geword van 'n groep jongmense wat Sondagaande na die aanddiens sangklasse by lidmate se huise gehou het. Dan het ons veral uit die bekende en beminde Hallelujaboek gesing.

Toe was dit vir my al duidelik dat sang 'n baie belangrike deel van my lewe saam met die Here is. Die liedere het partykeer verwoord wat ek nie self in woorde kon uitdruk nie. Soms het die wysie en woorde van 'n lied sommer net skielik

by my opgekom en kon ek, weg van die gemeente en die erediens, met die Here praat net waar ek was.

'n Volgende tree vorentoe was toe ek by die kerkkoor aangesluit het. Van die begin af was dit 'n ervaring wat vir my tot seën was. Ons het pragtige liedere aangeleer, wat ek nie geken het nie. Om so 'n verskeidenheid van liedere saam met ander Christene te sing, het my eie geloofslewe versterk en verryk. Die jaarlikse koorfees saam met ander gemeentes van sover as Yzerfontein, is ook altyd vir my 'n hoogtepunt. Selfs al is ek soms pootuit na die dag se werk, kry ek by die kooroefening soveel positiewe opbou dat ek met nuwe krag huis toe gaan.

Wanneer ons as koor in die erediens optree, is dit nie net belangrik om goed en reg te sing nie. Vir my gaan dit ook om die boodskap wat ons uitdra en dat ons die Here mag vra om 'n koor te wees wat die koms van sy koninkryk help bevorder. Ek vra gereeld vir die Here dat Hy ons sal gebruik om gemeentelede te inspireer om God se kinders te wees. Kinders wat in die woorde van liedere aangevoedig word om sy ewige koninkryk vir geen oomblik uit die oog te verloor nie!

